



A r o s

KENNISGEWING VANUIT DIE REKTOR SE KANTOOR – HALFJAAREKSAMEN 2020 – Vervolg

Liewe Aros-studente,

Ek verwys na my boodskap aan julle op 4 Mei. Ek wil graag almal bedank wat op Facebook en per e-pos daarop gereageer het. Ons is dankbaar vir die wedersydse kommunikasie wat tussen Aros en ons studente plaasvind.

Ons het aanvanklik aangedui dat studente oor 'n rekenaar met 'n kamera moet beskik om die komende eksamen af te lê. 'n Groot aantal van ons studente het egter aangedui dat hulle nie oor die nodige tegnologie (soos 'n kamera) beskik om die eksamen te kan aflê nie. Verder blyk dit ook dat ons waarskynlik nie heeltemaal gereed gaan wees om die stelsel te implementeer nie.

Die bestuur het na 'n indringende vergadering op 7 Mei besluit dat die halfjaareksamen op dieselfde wyse sal plaasvind as die semestertoetse wat die afgelope semester afgelê is. Die dosente het my verseker dat die semestertoetse goed verloop het en dat die studente goed voorberei was. Dus hoef jou rekenaar nie met 'n kamera toegerus te wees om die eksamen te kan aflê nie. Jy sal egter wel oor genoeg data moet beskik om die eksamen te kan aflê, soos wat die geval tydens die semestertoetse was.

Ons doen alles in ons vermoë om te verseker dat jy nie hierdie studiejaar verloor nie. Die gevolge daarvan sal fataal vir jou loopbaan wees. Ons is gevolglik trots op ons personeel en studente wat sover daarin kon slaag om die klasse en toetse te laat plaasvind. Sodoende kan ons volgende week op die bepaalde tyd julle deelnamepunte gereed hê.

Ons weet dat daar by sommige van julle onrustigheid oor jul praktiese onderwys heers. Ons wil julle verseker dat ons deurlopend met die skole in verbinding bly. Die proses sal hervat word sodra ons sekerheid het oor die datum waarop skole weer sal heropen. Wees asseblief daarvan verseker dat ons die proses so sal bestuur dat julle nie hierdeur benadeel sal word nie. Ons sal julle deurentyd op hoogte hou.

Dankie vir julle samewerking en baie sterkte met die voorbereiding vir die eksamen in hierdie onsekere tye waarin ons almal opofferinge moet maak. Ons doen dit egter met dankbaarheid en blydschap, aangesien ons vas daarin glo dat die Here alles volgens sy raadsplan bestuur.

By voorbaat dankie.

Prof PH Fick
Rektor
8 Mei 2020

T 012 332 3227/8
F 012 332 3266
E info@aros.ac.za
W www.aros.ac.za

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley, Pretoria, 0186